# BESKERM JOU PLAAS: BIOSEKURITEIT WENKE VIR BOERE

**Waarom Biosekuriteit?**

Biosekuriteit is om te keer dat siektes op jou plaas kom en tussen diere versprei. Dit hou jou diere gesond en jou boerdery winsgewend.

## 1 Mense en besoekers

- Beperk wie op die plaas kom. Slegs belangrike besoekers mag kom
  ⚠️ minder mense, minder risiko
- Gebruik borde om aan te dui waar mense mag gaan en waar nie.
- Hou hekke toe en gesluit.
- Spuit voertuigwiele of gebruik 'n ontsmettingsbad by die hek. Hou dit vol en skoon.
  ⚠️ Ontsmetting werk nie as dit op modder of vuiligheid gespuit word nie. Die kieme sit onder die modder en word nie doodgemaak nie.
- Besoekers moenie binne die afgelope twee nagte kontak gehad het met ander hoef-diere nie.
- Besoekers moet skoon klere en skoene aantrek wat (veral veeartse en konsultante wat van plaas tot plaas beweeg)
- Almal moet by die kantoor aanmeld en hul name teken.
- Hou 'n besoekersregister met naam, tyd en rede vir besoek.
- Hou ook rekord van alle aflewerings (bv. voer, nuwe diere), insluitend:
  - Datum
  - Bestuurder se naam
  - Maatskappy
  - Vorige afleweringsplek
  - Bevestiging dat die voertuig gewas en ontsmet is voor dit gelaai het

Afrivet A Bimeda® company
RMIS RED MEAT INDUSTRY SERVICES

## 2 Plaaswerkers

- Personeel wat nie op die plaas woon nie, moet 'n "droë stort" doen: trek eie klere en skoene uit, trek skoon werkklere en skoene aan wat deur die plaas voorsien word. (*Moenie "buiteklere" en "plaasklere" meng nie—dit bring siektes in.)*
- Personeel moet ten minste een keer per week 'n verklaring teken dat hulle nie in kontak was met ander gesplete hoewe-diere nie.
- Was die werksklere gereeld. Moet nie dieselfde vuil klere elke dag dra nie.
- Gebruik verskillende kleur oorpakke om te wys waar werkers mag werk (bv. groen vir kalwers, grys vir siek diere).
- Almal moet gereeld hande was en ontsmet — voor voeding, na hantering van kalwers of siek diere.
- Elke werker is deel van die biosekuriteitspan. Ken die reëls van die plaas.
- Ken die tekens van siekte, veral BEK-simptome, en meld dit aan.

## 3 Diere op die plaas

- Elke dier moet identifiseerbaar wees met 'n oorplaatjie.
- Kyk na alle diere elke dag.
- Hou siek diere apart van die kudde.
- Begin altyd werk met jong gesonde diere, dan ouer diere, en werk laaste met siek diere.
- Skryf alle behandelings neer.
- As 'n dier vrek, raak ontslae volgens die vereistes van die omgewingspermit: begrawe dit minstens 6 voet diep, ver weg van ander diere, en/of gebruik gebluste kalk.
- As twee diere kort na mekaar vrek, skakel die veearts.

## 4 Toerusting

- Moet nooit dieselfde gereedskap gebruik vir voeding en mis skoonmaak nie.

Afrivet A Bimeda company RMIS RED MEAT INDUSTRY SERVICES

- Gebruik aparte gereedskap vir siek diere.
- Was en ontsmet gereedskap na gebruik.
- Moenie toerusting deel tussen plase of produksie-eenhede nie.
- Bêre gereedskap in 'n skoon, droë plek.
- Hou altyd drukkrale, laairampe en ander areas skoon.
- Moet nie te veel diere in een kraal sit nie.
- Herstel gebreekte heinings of toerusting.

* Skoonmaak en ontsmetting is twee verskillende stappe. Jy moet eers skoonmaak voordat ontsmetting kan werk:

1. Droog skoonmaak: Verwyder modder, mis en vuil met 'n besem of skraper.
2. Nat skoonmaak: Was met water om oorblyfsels te verwyder.
3. Ontsmet: Dien ontsmettingsmiddel toe op skoon oppervlaktes.

## 5 Heinings

- Die plaas moet volledig omhein wees.
- Moet nie toelaat dat jou diere aan die buurman se diere raak nie.
- Probeer 'n 20 meter buffer tussen kuddes hou.
- Hou voer en water ver van grense af.
- Inspekteer heinings gereeld.

## 6 Voer en Water

Kieme kan versprei in vuil voer en water.

- Maak waterbakke gereeld skoon.
- Bêre voer op 'n droë, skoon plek.
- Hou voer bedek en weg van rotte en voëls.
- Skryf alle voer aflewerings neer.
- Voer moet op 'n skoon plek afgelaai word, weg van die diere.
- Moet nie diere langs grense voer nie.
- Beperk toegang tot voerstoorplekke tot aangewese personeel.

## 7 Nuwe Diere

Selfs gesonde diere kan siektes dra. Behandel elke nuwe dier as ’n moontlike risiko tot dit veilig is.

- Hou rekord van alle diere se beweging in en uit die plaas, sowel as tussen produksie-eenhede.
- Kwarantyn alle nuwe diere vir 28 dae sodat enige versteekte siekte ’n kans kry om te wys.
- Kwarantynkampe moet volledig omhein wees en minstens 20 meter weg van die hoofkudde of enige ander plek waar diere wei.
- Inspekteer diere in kwarantyn elke dag vir tekens van siekte en skryf neer wat jy sien.
- Gebruik aparte klere en aparate vir hierdie diere.
- Geen diere mag die plaas verlaat gedurende die 28-dae van kwarantyn nie.
- Toets nuwe diere vir siektes soos Brucellose en TB.

**ONTHOU:** Nuwe diere = nuwe risiko.